# 03
# LYDENSTYD

Jaargang 24 | 20 Februarie 2026

# VRY POS

LOER | LEES | LUISTER | LEER



NG Kerk Vrystaat



Celicia McLean

# REDAKTEUR

## BYDRAES EN NAVRAE

voor 12:00 Dinsdae na
**cmclean@ngkvs.co.za**

***Lig in die duisternis,***
*hier vir God, mekaar en die wêreld*

NG Kerk Vrystaat

## FOTO'S

Canva | Unsplash | Flickr | Pexels
Pixton | *Tensy anders vermeld*

## ARTIKELSKRYWERS

Mariëtte Odendaal - Suzanne van der Merwe
Mariëtte Odendaal - Anton Pelser
Enrico Casaleggio | Andries Gous
Stéphan van der Watt & Tobie de Wet
Leon M Foot | Martin Schwella | Jan Venter
*Kerkbode* | *CLF* | *Bybel-Media*
*Bybelgenootskap SA*

## LYDENSTYD

Lydenstyd is 'n 40-dae voorbereidingstydperk (sedert Aswoensdag) voor Paasfees wat fokus op bepeinsing, bekering en vas. Dit herdenk Jesus se lyding en 40 dae in die woestyn, en dien as 'n tyd van geestelike groei, hertoewyding en diepgaande introspeksie voor die viering van die opstanding. Dit is 'n tyd van stilte en afsondering wat gelowiges help om die vreugde van Paasfees meer intens te ervaar. Die sentrale simbool is die kruis, dikwels vergesel van 'n doringkroon of spykers. Pers of wynrooi is die tradisionele kleure wat dui op Christus se bloed en lyding. Daar word gefokus op die lyding van Jesus en die betekenis van die kruisiging as 'n daad van liefde.

## DAGBOEK DÍT

***#imagine*** | *Teenagers 13 - 18 years*
***Called + Sent*** - *Matthew 4:19*
**28-30 March 2026**
Bothaville Nampo Park

## VOLGENDE VRYPOS

Die volgende uitgawe van *VRYPOS* sal op **Vrydag 6 Maart** verskyn. Kyk gerus na ons **webblad-kalender** vir belangrike datums.

# INHOUD


## VRYPOS-FOKUS 03

**BEDIENINGSBEGELEIDING** | VBO Netwerk
**Mariëtte Odendaal** | *Kroniese Kronieke - ons sien jou!*

## ARTIKELS 05

05 | **DIENS VAN BARMHARTIGHEID** | Rehabilitasie
**Mariëtte Odendaal** | *IGROW: "Growth is never by mere chance" - 'n herstelprogram vir middelafhanklikheid*

06 | **VENNOTE IN GETUIENIS** | Islam
**Enrico Casaleggio** | *Die verskil tussen die God van die Bybel en Allah* | *Nr 2 - Die karakter van God: Liefde as wese teenoor liefde as daad*

07 | **VENNOTE IN GETUIENIS** | DEGNOS
**Andries Gous** | *DEGNOS-dinge*

09 | **VENNOTE IN GETUIENIS** | Missie Japan
**Stéphan van der Watt & Tobie de Wet** | *Nuusflits: Rampverligting as deel van God se sending*

## MEDIATEEK 11

**Leon M Foot** | *Kom lees 'n boek:*

*Marcus Borg*
***Speaking Christian***

*Ronell Bezuidenhout*
***Al Psalmend – 65 meditasies uit die Bybel se gebedeboek***

## BLÊR-REEKS 2 13

**Die Verlore Skapie (12 stories)** | *12. Sy Koninkryk*

## VERJAARSDAE 17

## EKOLOGIE 18

**Mariëtte Odendaal** | *Wêrelddag vir Wildlewe 3 Maart*

## AKTUEEL | ALGEMEEN 19

**19** | 96ste Wêreldbiddag vir Vroue
**21** | Advertensies

## OPLEIDING 23

## KERKBODE BROKKIES 24

## PUBLIKASIES 25

## WAT'S NUUS? 26

## KALENDER

## VAKATURES/AFLOSLYS

## PREDIKANTENUUS

## 'N LAASTE GEDAGTE 27

**Jan Venter** | *"Toe Dawid die Here raadpleeg ..."*

## KONTAK ONS 28




KRONIESE KRONIEKE

# Kroniese Kronieke

## *Ons sien jou!*

BEDIENINGSBEGELEIDING
VBO Netwerk
*Mariëtte Odendaal*

*"Kroniese Kronieke bevorder bewusmaking en verskaf inligting aan kroniese siek persone, hulle familie, versorgers, die algemene publiek en professionele mense."*

***Dr Suzanne van der Merwe***
*Besigheidshoof en Woordvoerder: Kroniese Kronieke*

Baie van ons ken iemand wat aan 'n kroniese siekte ly en is bewus van die uitdagings wat daarmee gepaardgaan. Dalk is jy self iemand wat daagliks daarmee moet saamleef.

Die goeie nuus is dat daar 'n platform, **Kroniese Kronieke**, bestaan waar jy inligting oor verskeie kroniese toestande kan vind en ook verhale van mense wat daarmee te kampe het, kan lees.

## *Jou reis met **kroniese siekte** is ons prioriteit*

Vrypos beplan ook om dit te publiseer as 'n reeks waarin verskillende temas behandel word. Op hierdie manier kan die persoon wat daarmee moet saamleef, asook diegene na aan hierdie persoon, ondersteun en ingelig word oor die siekte en lees hoe ander mense wat soortgelyke ervarings het, dit beleef.

Om meer oor Kroniese Kronieke uit te vind, het ons met hul besigheidshoof en woordvoerder, dr Suzanne van der Merwe, gaan gesels. Sy is ook leraar van die NG Gemeente Kroonstad-Noord.

**Lees** meer »

# BALANS
# *IN DIE BEDIENING*

**Gustav Gous**

## Work-Life Workshop

**DIDASKO**-DINSDAG

**3 Maart 2026**

**19:00 - 21:00**

**Zoom | KYK HIER**




2 VBO-PUNTE

NG Kerk Vrystaat

**NAVRAE:** Leon M Foot | **leon@ngkvs.co.za**

# ARTIKELS

## UIT DIE SINODE




# IGROW

Die Ring van die NG Kerk Suidoos-Bloemfontein het met behulp van sinodale fondse op 5 Julie 2024 'n IGROW-afhanklikheidsherstelgroep by die NG Gemeente Pellissier gestig. Hierdie bediening het ten doel om ringsgemeentes te ondersteun in die hantering van mense met middelafhanklikheidsprobleme en om 'n geloofsgebaseerde, volhoubare pad na herstel te bied.

Om meer hieroor uit te vind, het ons met Anton Pelser, fasiliteerder en opleier van fasiliteerders, aook die koördineerder tussen IGROW en die Sinode Vrystaat en ander denominasies, gaan kers opsteek.

### Anton, vertel ons asseblief meer van IGROW

"IGROW (*I grow*) is 'n Christelike afhanklikheidsherstelprogram wat God se genade sentraal stel.

DIENS VAN BARMHARTIGHEID
Rehabilitasie-reeks
*Mariëtte Odendaal*

> *"Die bediening bied aan leraars en gemeenteleiers 'n waardevolle verwysingskanaal waarheen mense met afhanklikheidsnood en hul families met vertroue verwys kan word."*
>
> **Anton Pelser**
> IGROW-koördineerder

## *"Growth is never by mere chance" - 'n herstelprogram vir middelafhanklikheid*

Deelnemers word begelei om hul waardigheid as geliefde kinders van die Here te herontdek en om weer met hoop en verantwoordelikheid hul plek in hul gesinne, gemeentes en die samelewing in te neem. "Die program fokus op beide middel- en substansafhanklikhede, soos alkohol- en dwelmmisbruik, die misbruik van pynpille, asook gedrags- of prosesverslawings, soos onder andere pornografie en dobbelary."

### Die doel en fokus van die program

Die IGROW-bediening begelei deelnemers om hulle:

- afhanklikheid te oorkom deur toewyding tot algehele onthouding van die betrokke afhanklikheid;
- persoonlike groei, selfwaarde en verantwoordelike besluitneming te bevorder ...

**Lees** meer »

# ISLAM

## Die verskil tussen die God van die Bybel en Allah | Nr 2

*Die karakter van God: Liefde as wese teenoor liefde as daad*

**Die karakter van God, soos deur die Bybel geteken**, is dat God nie net liefhet nie, maar dat Hy in Sy wese liefde is. In 1 Johannes 4:8 lees ons byvoorbeeld hierdie baie bekende woorde: "God is liefde". Nie net dat Hy liefhet nie — liefde is sy essensie. In 1 Johannes 4:16 word dit selfs herhaal, as ons daar lees: *"En ons ken die liefde wat God vir ons het, en ons glo daarin. God is liefde; wie in die liefde bly, bly in God en God bly in hom."*

Pragtige woorde wat vir ons sê dat liefde nie net iets is wat God *doen* nie, maar dit is hoe Sy wese is. Jy kan nie van God praat of aan Hom dink, sonder dat liefde ter sprake is nie. Die God van die Bybel is in essensie *liefde*. God se *natuur* is liefde. Dit onderstreep dat Hy onvergelykbaar is. Geen ander (af)god kan met Hom vergelyk word nie. Die eksegeet Marshall[1] sê in kommentaar hierop: "... *this statement is simply the clearest expression of a doctrine of the nature of God that is attested throughout its pages. Equally it would show that outside the pages of Scripture there is no comparable picture of God."*

- God wil in 'n verhouding met Sy kinders leef. Hy is die Verbondsgod. Dit beteken Hy verbind Hom aan ons. In Sy liefde gee Hy Homself vir ons. In Sy liefde word Hy vlees en kom woon onder ons.

[1] **Marshall, I.H.** 1978. The New International Commentary on the New Testament. The Epistles of John. Wm. B Eerdmans Publishing Co: Grand Rapids Michigan

---

*'n Reeks Islam-artikels. Hierdie artikel handel hoofsaaklik oor die verskil tussen die God van die Bybel en Allah: Die identiteit van God: die Drie-eenheid teenoor die absolute enkelheid.*

*In Sy liefde sterf Hy vir Sy vyande. Romeine 5:7-9 onder-streep dit as daar staan:*

*"'n Mens gee tog nie sommer jou lewe prys nie, selfs nie vir 'n regverdige nie. Ja tog, vir 'n goeie mens sal iemand miskien nog die moed hê om te sterwe. Maar God bewys sy liefde vir ons juis hierin dat Christus vir ons gesterf het toe ons nog sondaars was. Aangesien ons nou vrygespreek is op grond van sy versoeningsdood, staan dit soveel vaster dat ons deur Hom ook van die straf van God gered sal word."*

Die kruis is die hoogtepunt van God se karakter. Dit demonstreer Sy selfopofferende liefde vir sondaars.

**Die Koraniese karakter van god** is dat Allah beskryf word as: barmhartig, genadig, heersend en almagtig. Maar in Islam is Allah se liefde voorwaardelik: Hy het dié lief wat reg doen. Hy het nie dié lief wat verkeerd doen nie.

Voorbeelde daarvan vind ons in Surah 3:31 waar daar staan dat Allah dié liefhet wat Hom gehoorsaam, en Surah 3:32 wat sê Allah het nie dié lief wat ongehoorsaam is nie. Allah se karakter word primêr saamgevat in beskrywings soos majesteit, heerskappy, transendensie (afstand) en onbereikbaarheid.

Daar is wat Allah betref geen inkarnasie (menswording), geen kruis, geen selfopofferende liefde vir vyande nie. Die God van die Bybel is 'n God wat Homself gee. Die god van die Koran is 'n heersende God, wat homself op 'n afstand hou.

**Lees** hier »






# DEGNOS-dinge

VENNOTE IN GETUIENIS
DEGNOS
*Andries Gous*

## Liewe vriende van DEGNOS

### Verslag uit die noordooste van Namibië

Om mee te begin is verskoning aangebied aan almal wat in spanning gewag het op terugvoer ná die ontmoeting met die drie manne op Nhoma. Terselfdertyd kon daar met vrymoedigheid getuig word: God is 'n Hoorder van gebed – meer nog, Hy inisieer self gebed. Daarom bly die oproep staan dat gelowiges sal aanhou bid soos die Here lei.

### Ontmoeting op Nhoma

'n Goeie besoek is op Nhoma beleef waar diep gesprekke met die drie manne wat met spoke praat, plaasgevind het. Die gesprek het in 'n gees van vrede en openheid verloop, sonder enige vorm van druk. Opnuut is besef dat dit God is wat in menseharte werk; Hy alleen doen die oortuigingswerk, selfs in verharde of verdwaalde harte.

Daar is aandagtig geluister na die San-mense se wêreldbeskouing.

'n Gesprek het ontvou oor God die Vader en oor die verwarring tussen "God" en "vaders" – begrippe wat naby aan mekaar lê en maklik vermenging veroorsaak. Verder is getuig van Jesus as Seun van God en van die geestelike stryd wat in die onsienlike sfeer plaasvind.

Saam is daar gelees uit die Evangelie volgens Markus 5 oor die man wat tussen die grafte geleef het en hoe Legio vir Jesus as Seun van God erken het. Die waarheid is bevestig dat Hy alle mag oor die bose het. Verwysing is ook gemaak na die Evangelie volgens Johannes 1 – dat Jesus die Lig is, van die begin af by God – asook na Johannes 8:44 waar die duiwel as leuenaar en moordenaar beskryf word.

Uit die manne se kant is daar vertel van transdanse (beswymingsdanse) en hoe toor-dokters as bemiddelaars tussen spoke en mense optree.

**Lees** meer »

# #imagine

## 28-30 March 2026

# called + sent

MATTHEW 4:19



**Freestate**

**R780 (Transport excluded)**

Bothaville - Nampo Park

Teenagers 13-18 years

VENNOTE IN GETUIENIS
Missie Japan
*Ds Tobie de Wet & dr Stéphan van der Watt*

# Nuusflits

## *Rampverligting as deel van God se sending*

Binne enkele sekondes kan ontelbare mense se lewens onherroeplik verander. Natuurrampverligting in Japan is daarom nie bloot humanitêre werk nie, maar deel van God se sending in 'n brose wêreld – 'n bediening wat lewende hoop herstel en deure oopmaak vir verantwoordelike evangeliegetuienis.

Baie kerkleiers in Japan is deur rampreaksie gevorm. In tye van krisis leer hulle veerkragtigheid, samewerking en Christusgesinde deernis. Dit was 'n voorreg om die afgelope twee dae in Tokio deel te neem aan gesprekke oor hierdie temas, aangebied deur die Japan Evangelical Missionary Association.

Terwyl sendingleiers van regoor die wêreld saamgedink het, was daar 'n groeiende bewussyn en gereedheid vir hernude, gesamentlike impak in diens van gemeenskappe wat deur natuurrampe geraak word.

Een van die foto's sluit in dr Norimichi Yokota, direkteur van die Kyushu Christian Disaster Relief Center, wat met groot passie en nugtere wysheid twee aanbiedings oor hierdie onderwerp gelei het.

Ook hierin bly ons oortuig: die Here is aan die werk – selfs midde-in gebrokenheid – en Hy roep sy kerk om saam te te dien.

**Lees** meer »

***Foto:*** *verskaf*



**Islam** Getuienisaksie

2 VBO-PUNTE



# ISLAM VANDAG

## Wat Christene regtig moet weet

Die **derde en laaste van drie** geleenthede oor drie weke

*met*

*dr Enrico Casaleggio*

**DIDASKO-Dinsdag**
24 Februarie

**Dinsdagaand**
19:00 - 21:00

**Aanlyn**
*Klik hier* - per Zoom

Dinsdagaand 7 nm tot 9 nm gesels ons met dr Enrico Casaleggio oor Islam. Ons fokus veral op praktiese gesprekke met Moslems, en daarna delf ons dieper in die kern van Islam. Dis die derde en laaste van drie geleenthede oor drie weke. Kom skakel gerus in.


**NAVRAE:** Leon M Foot | **leon @ngkvs.co.za**

# KOM, LEES 'N BOEK


## Marcus Borg
### *Speaking Christian*

Soos met Frans, Duits of Spaans, is die aanleer van die basiese woordeskat van die Christendom 'n noodsaaklike eerste stap om te verstaan wat dit beteken en hoe dit werk. Ons dink aan woorde soos 'geloof', 'vergifnis', 'verlossing', 'sonde' en 'hemel'. Maar hoe kan ons seker wees dat ons hulle reg verstaan? Oor die eeue het allerhande verskillende betekenisse rondom hierdie woorde ontstaan, en soms kan daardie betekenisse die manier waarop die woorde oorspronklik in die Bybel gebruik is, verberg of verdraai.

In *Speaking Christian* neem Marcus Borg van die sleutelwoorde in die Christelike woordeboek en ontbloot die negatiewe en onhulpvaardige konnotasies wat hulle vandag nog dra. Terselfdertyd gaan hy terug na die Bybel en ontleed hul betekenis op 'n manier wat beide meer getrou aan die leer van Jesus is en meer relevant en uitdagend vir sy volgelinge vandag.




Oorgeneem uit Copyright 2026 Logos.com




Oorgeneem uit © 2024 shop.clf.co.za

## Ronell Bezuidenhout
### *Al Psalmend – 65 meditasies uit die Bybel se gebedeboek*

Dr Ronell Bezuidenhout is 'n bekende skrywer in tydskrifte en van vele spirituele boeke. Na meer as 30 jaar se stadslewe het sy die gejaagde bestaan vir 'n rustige kusdorpie verruil. Met 'n diep-gesetelde versugting na stilte en geloofsverdieping skryf sy boeke om ander ook op hierdie roete van kontemplasie te begelei. Sy is 'n belese teoloog; passievol oor ikonografie en tans ook Pastor van die Evangelies-Lutherse Gemeente in die Suid-Kaap.

BEDIENINGSBEGELEIDING
Mediateek
*Dr Leon M Foot*


## MEDIATEEK **INVENTARIS**

*Loer gerus na die volledige inventaris van die NG Kerk Vrystaat Mediateek, Sinodale Kantoor*

Navrae | **Anelia van den Blink**
**kuratorium@ngkvs.co.za**

# Paasnaweek Retraite

## in Philippolis




## 2–5 April 2026

Vir meer inligting

Whatsapp:

0721150057



# Die Verlore Skapie

## Sy Koninkryk

deur Martin Schwella

Daar op die tuinpaadjie kom Leon, Tjoppie en dominee Armach aan. Leon en Tjoppie stoot dominee Armach in sy rolstoel teen die bult op. Tjoppie en Leon het besluit om dominee Armach se persoonlike assistente te wees tydens sy hersteltyd.

“Dankie, Lamme! Julle is behoorlik sterk!” prys Armach.
Leon voel trots oor hul heldedaad, maar diep in sy hart is hy steeds onseker oor sy plek in die Herder se wêreld. Hy probeer alles doen wat hy weet reg is, maar iets voel steeds uit plek.

Terwyl hulle nog die rolstoel stoot, kyk Leon na die kerk se tuin. Daar, tussen die blomme, sien hy hoe tannie Êna rustig wandel. Toe hulle uiteindelik bo-op die bult kom, stop hulle eers om asem te skep.

“Blêr!” roep Tjoppie uit. “Dit was nou omtrent ’n storie!”
Dominee Armach lag. “Nou toe, ou Tjop, laat so ’n klein bultjie jou só blaas!”

Leon bly stil en kyk in die rigting waar hy tannie Êna gesien het. “Leon, my blêr,” sê Tjoppie, “gaan jy maar. Ek sal ons ‘pakkie’ van hier af vat en aflewer.”
Leon glimlag dankbaar en hardloop terug na die tuin. Hy groet oor sy skouer: “Totsiens, Blêrs!”

Terwyl hy hardloop, hoor hy die voëltjies sing. Die lug is vars, en Leon voel skielik weer die vreugde van alles wat hy onlangs oor die Herder geleer het. Die laaste keer toe hy in die tuin met tannie Êna gesels het, het haar woorde sy hart diep geraak, maar hy wonder steeds oor sy plek.

Hy roep, opgewonde en uitasem: “Tannie Êna! Blêr! Tannie Êna!”
Tannie Êna draai om en glimlag toe sy vir Leon sien naderkom.

“Leon, hoe gaan dit met jou?” vra sy vriendelik.

Leon stop en hyg na asem. “Dit gaan goed met my, Tannie,” sê hy tussen asemteue deur. “En hoe gaan dit met Tannie?”
“Dit gaan beter, dankie,” antwoord sy sag.

“Tannie Êna, ek wil nie net aan die Herder behoort nie! Ek wil elke dag vir Hom lewe!” verklaar Leon. “Hy maak my soooo bly, en sy manier is BAIE COOL!” sê hy passievol. Tannie Êna is verras deur Leon se opgewonde stellings, maar dit maak haar baie bly.

“...Maar daar is ook baie dinge. Baie dinge wat gebeur, wat dit moeilik maak vir my om te weet wat my plek is in God se Koninkryk,” sê Leon verder, en hy lyk bekommerd.

Leon het so baie lesse geleer en nuwe dinge ontdek, maar steeds is hy versigtig om dit reg te doen – hy is bang om foute te maak.

“Leon... kyk na die voëltjies,” sê tannie Êna.

“Huh? Blêr!” sê Leon geskok, sy koppie skeefgedraai.
“KYK NA DIE VOËLTJIES! HOOR HOE HULLE SING EN KRAAI.
HY SORG VIR HULLE!



**Luister hier**:
*Blêr | Ek behoort aan Jesus*

DIE VERLORE SKAPIE

**Lees** meer »

# Jaarboek

## van die Nederduitse Gereformeerde Kerke

*Jaarboek 2026* bevat die sinodale, rings-, gemeente- en predikante-inligting van die NG Kerk, NG Kerk in Afrika, Reformed Church in Africa en familiekerke in die buiteland.




### e-Jaarboek op missio.org.za

*e-Jaarboek 2026 is as 'n gebruikersvriendelike digitale weergawe beskikbaar vir slegs R299.*

***Kry met 'n jaarlikse subskripsie toegang tot die e-Jaarboek op www.missio.org.za***

### Bestellings is nou oop!

**Jaarboeke is beskikbaar vanaf Desember 2025**

## Bestelvorm

### #1 Aantal boeke en CD's

* Vul getal in toepaslike blokkie(s) in
* Alle pryse sluit BTW en verpakking in

| | | | |
|---|---|---|---|
| ☐ | Jaarboek 2026 | **@R399 elk** | **= R ...........** |
| ☐ | CD-weergawe | **@R299 elk** | **= R ...........** |
| ☐ | Boek & CD | **@R499 per stel** | **= R ...........** |
| ☐ | Koerierkoste | **@R99** | **= R ...........** |
| | | **Totaal =** | |

### #2 Betalingswyse

☐ **Plaas op rekening van** ..............................

☐ **Direkte inbetaling aan** CLF Uitgewers, ABSA Bank, Reknr 470 188 499, Takkode 632005.

**E-pos bewys** aan bestel@bmedia.co.za

**NB: Gebruik een van die volgende as verwysingsnommer:**
Rekeningnommer + JB **OF** Gemeentenaam + JB

### #3 Afleweringsadres

*Vul die inligting in vir waar aflewering moet plaasvind

**Pos aan gemeente/instansie/individu:**

..............................

**Adres:** ..............................

..............................

.............................. **Poskode:** ..........

**Telefoonnommer:** ..............................

**Bestelling geplaas deur:**

..............................


## Plaas jou bestelling

**E-pos:** bestel@bmedia.co.za
**WhatsApp:** 079 881 2729
**Webblad:** www.bybelmedia.org.za

Bybel-Media

# Nou beskikbaar op

missio | deur BYBEL-MEDIA







*Leesrooster vir lidmate* en *Woord en Fees*.
Vir Advent 2025 tot Koninkrykstyd 2026.

## NOU BESKIKBAAR

Maak elke erediens 'n geloofsbelewenis met oordenkings vir lidmate, preekstudies en liturgiese voorstelle gebaseer op die kerkjaar. **Missio.org.za** is 'n groeiende bedieningsplatform wat gebruikers toegang gee tot verskeie produkte en hulpbronne om hulle op hulle geloofsreis te ondersteun. **Woord en Fees** is die perfekte hulpmiddel vir elke leraar, gemeenteleier, liturg en verkondiger van die Woord in die ontwikkeling van preke en vir die voorbereiding van eredienste en ander geloofsbyeenkomste. **Woord en Fees** volg die seisoene van die kerkjaar en maak vanjaar gebruik van die teksrooster *Revised Common Lectionary, Jaar A*.

**Besoek gerus www.missio.org.za of kontak support@missio.org.za vir enige navrae.**

# VERJAARSDAE

# VEELS
## GELUK



ngkerkvrystaat.co.za

Wense van voorspoed, God se seëninge en genade vir die nuwe lewensjaar.

### FEBRUARIE

**20** Ds Matteus Vorster
TROMPSBURG

**22** Dr Dawie Botes
WELKOM-WES

**22** Ds Domonic Basson
ST HELENA

**28** Ds René Wessels
VIRGINIA

**28** Ds Charles James
PELLISSIER

### MAART

**02** Ds Wouter van Velden
BLOEMFONTEIN-WES

**03** Ds Richi Kemp
BETHLEHEM-EUREKA

**04** Mev Miriam Sebolaif
MOOIGENOEG KAMPTERREIN

**05** Ds Willie Griesel
HERTZOGVILLE



BEDIENINGSBEGELEIDING
Ekologie Netwerk
*Mariëtte Odendaal*

# Wêrelddag vir Wildlewe 3 Maart

## ’n Roeping tot getroue rentmeesterskap

Op 3 Maart herdenk die wêreld Wêrelddag vir Wildlewe—’n dag wat ons herinner aan die rykdom en broosheid van God se skepping. Van die kleinste insek tot die magtigste dier, elke lewende wese getuig van God se wysheid en kreatiwiteit. Die Bybel leer ons dat die aarde en alles daarop aan die Here behoort (Psalm 24:1), en dat die mens geroep is om die skepping te bewerk en te bewaak (Genesis 2:15). Wêrelddag vir Wildlewe nooi ons as gelowiges uit om weer stil te staan by hierdie heilige roeping.

## Die doel van Wêrelddag vir Wildlewe

Wêrelddag vir Wildlewe het ten doel om wêreldwyd mense nie net bewus te maak oor die belangrikheid van wildlewe en biodiversiteit nie, maar ook om ons tot verantwoordelike optrede aan te spoor.

**Lees** meer »

## 96ste Wêreldbiddag vir Vroue



2026 se tema: 'Kom, Ek sal jou rus gee.' Die program is saamgestel deur vroue van Nigerië.

Wêreldbiddag vir Vroue word vanjaar op 6 Maart 2026 gehou. Die Wêreldbiddag vir Vroue is 'n wêreldwye ekumeniese beweging van Christenvroue, -mans en -kinders van verskillende lande wat elke jaar op die eerste Vrydag in Maart vergader om 'n besondere dag van gebed te vier. Tydens die Wêreldbiddag vergader gelowiges van verskillende rasse, kulture en kerke, om saam te bid, ons voor God te verootmoedig en vir mekaar in te tree.

Lees meer »

Internasionaal word die Wêreldbiddag reeds vanaf 1887 gevier. Die dag word tans in meer as 170 lande op al 7 kontinente gehou. In Suid-Afrika is dit die 96ste jaar wat ons deel is hiervan. Die program word in nege van die amptelike tale vertaal.








# Wêreldbiddag vir Vroue

NG Gemeente **Bainsvlei**
***Dagboek die datum***

*Kom en geniet die aand saam met ons!*



**6 Maart 2026 | 18:30**
***Sagte kollekte***

Navrae | Ethnè Naborn
Sel: 072 111 4296
Kerkkantoor: 051 451 1788

met *Du Preez Scholtz*
Gaskunstenaar

en *Annelize Hamman*
Spreker

Kom tuis in God
Bainsvlei
NG GEMEENTE


www.missio.org.za
Products
MISSIO



Kry jou
BM
tikel 18A-belastingsertifika
www.bybelmedia.co.za


www.missio.org.za
Products
MISSIO


RAAK BETROKKE AS VRYWILLIGER
AAK 'N KIND SE VERJAARSDAG SPESIAAL
Vier 'n spesifieke kind se verjaar
met lekkernye en bederf.


RAAK BETROKKE AS VRYWI
Raak betrokke met
Instandhouding by ons
Jeugsorgsentrums
Engo
KONTAK ENGO VANDAG BY 060 548 5543 OF INFO@ENGO.CO.ZA


Engo
Aftrede
met gemoedsrus
begin hier
Hoopstad Sentrum vir Bejaardes
Kies tussen volle versorging of selfsorgwoonstelle
Sonkrag en uitstekende sekuriteit beskikbaar
24-uurversorging vir demensie-lyers
Kontak ons vir meer inligting:
053 444 1319
admin.hoopstad@engo.co.za


AKTIWITEITE VIR
BYBELS
Nou kan jy jou stokperdjie in
'n fondsinsameling vir Bybels
omskep!
A4B
#AKTIWITEITE4BYBELS
bybelgenootskap
van suid-afrika


Afrikaans
1933/1953-VERTALIN
R325
Volledige naslaanbybel,
mediumgrootte, swart
hardeband, met
kruisverwysings en kaarte, in
'n maklik-om-te-lees uitleg.
www.bybelgenootskap.co.za
bybelgenootskap van suid-afrika
www.bibleshop.co.z


English
GOOD NEWS
TRANSLATION (G
BIBLE
R295
Complete Bible, medium size,
full-colour hardcover, with cro
references, footnotes, word li
Septuagint readings, outline
chart of Bible history and ma
www.biblesociety.co.za
bible society of south africa
www.bibleshop.co.z




**Dr Dieter** de Bruin

# Kom (her)ontdek die hart van die sakramentele erediens

- Ons reflekteer op die sakramentele aard van die erediens
- Hoe sakramente “werk" in die erediens
- Hoe die preek sakramenteel kan wees
- Die Liturg in verhouding met die sakramente

**- en waarheen die gesprek ons lei!**

## 24 Februarie | 09:00 - 16:00

Plek sal later bevestig word

***Middagete ingesluit***

**Bespreek teen 20 Feb @ leon@ngkvs.co.za**

# OPLEIDINGSGELEENTHEDE




**24 Februarie**

2 VBO-punte

Islam vandag 3: Wat Christene regtig moet weet




**24 Februarie**

10 VBO-punte

Kom (her)ontdek die hart van die sakramentele erediens




**2 & 3 Maart**

10 VBO-punte

Job-seminaar: *Met ... Job in gesprek ... met ...*




**3 Maart**

2 VBO-punte

Balans in die bediening met dr Gustav Gous van Work-Life Workshop




**23-25 Februarie**

VBO-punte

Spelterapie: Inleidende kursus in die Suid-Kaap




**25-27 Februarie**

VBO-punte

Spelterapie: Gevorderde kursus in die Suid-Kaap




**12 Maart**

10 VBO-punte

Vanuit Sistematiese Teologie - *"vir 'n tyd soos hierdie"*




**17-19 Maart**

20 VBO-punte

Kerk en Samelewing Konferensie - *"'n terugblik"*



**21 Mei**

2 VBO-punte

Kom ontmoet met die Heilges: Antonius met Lisel Joubert

# KERKNUUS EN PUBLIKASIES

## KERKBODE BROKKIES | PUBLIKASIES

**kerkbode** BROKKIES

Kollig
Luister nou

Ondersteun Kerkbode
Maak 'n donasie



Elders gesien | Hervormers vra gebed en steun vir boere tydens krisis met veesiekte

*18 Februarie 2026*
*Kerkbode*
*Nuus*

»



Jaco Strydom gesels met Sané Leach oor haar passie vir lig in donker plekke

*17 Februarie 2026*
*Kerkbode*
*Artikels*
*Jaco Strydom*

»



Johan van der Merwe: Dankie vir die geskenk van vrouepredikante!

*16 Februarie 2026*
*Kerkbode*
*Dinkstof*
*Johan van der Merwe*

»




Tussenin | Zander van der Westhuizen: Ons móét kan speel en verbeel

*11 Februarie 2026*
*Kerkbode*
*Rubrieke*
*Zander van der Westhuizen*

»



'Kunsmatige intelligensie kan baie goed doen maar dit kan nie die evangelie verkondig soos mense kan nie' – gesprek oor ChatGPT en ander KI-hulpmiddels in diens van die kerk

»

*11 Februarie 2026*
*Kerkbode, Artikels*
*Heléne Meissenheimer*



'Maak dissipels, nie net volgelinge nie' – Malan Nel oor die kerk se roeping


*11 Februarie 2026*
*Kerkbode*
*Artikels*
*Annabelle Lombard*

»

Google Play    kerkbode.christians.co.za    App Store

KATALOGUS PAMFLETTE

CLF PUBLISHERS UITGEWERS




R195

# Leitourgia
## The Work of the People


*Leitourgia – The Work of the People* is a liturgical guide for planning and leading worship services. Developed by the Christian Literature Fund, it serves as a practical tool for ministers, congregations, lay persons, and anyone interested in the study and practice of Liturgy. Rooted in the Reformed tradition, yet ecumenical in spirit and scope, this handbook welcomes all who seek to plan and lead meaningful worship. Built on a "covenantal rhythm" in which God calls, speaks, and restores, it offers a sound theological framework for every part of the service – from gathering before God to being sent out as His people. It includes detailed orders for sacraments such as Baptism and Holy Communion, as well as guidance for weddings, funerals, and public confirmation of faith. *Leitourgia* helps connect biblical truth with the realities of contemporary worship.




R220

# In Biddende Verbondenheid
## Biddend heeljaar lank

Hierdie boek is bedoel vir elkeen: vir die gelowige wat soms sukkel om woorde te kry om te bid, vir die leraar wat soms met woordeskat sukkel wanneer die wêreld ontwrig, vir die twyfelaar wat net nader aan God wil leef, en vir almal wat hul gebedslewe wil opskerp. Geen perfekte taal of volmaakte geloof word vereis nie – net 'n oop hart en die wil om te bid met woorde wat lééf in 'n wêreld wat roep om antwoord. *In Biddende Verbondenheid* is meer as 'n gebedsboek – dit is 'n metgesel vir wie verlang om met durf te leef, met liefde te dien, en met getrouheid te bid. Vir elkeen wat soek na geloofstaal wat lééf, praat en hoor.




R195

# God gevind
## Nagedink oor geloof in 'n taai tyd

*In God Gevind* neem Frits Gaum, teoloog, skrywer en kerkman, ons op 'n laaste, eerlike geloofsreis. In die lig van sy naderende dood besin hy oor die kernvrae van geloof, twyfel, en die bestaan van God – nie in die eerste plek as dogma nie, maar as 'n persoonlike opgawe van sin en berusting. Hierdie boek is getuienis van 'n lewe lank se nadenke, gesprekke en skryfwerk, aangevul deur agt "onherhaalbare" onderhoude met bekende Suid-Afrikaners soos Desmond Tutu, Nelson Mandela en Beyers Naudé, en vier ope briewe aan meningsvormers van ons tyd, met van hulle reaksies daarop.

# WAT'S NUUS?

KALENDER | VAKATURES | AFLOSLERAARS | PREDIKANTENUUS

NG Kerk Vrystaat

## Gemeentegebeure

Kalender | Belangrike datums

### KALENDER

skakel@ngkvs.co.za
Adverteer hier

### VAKATURES

### AFLOS

kerkbode

## Interaktiewe **Dagboek**

Deel jou dagboek hier

### DAGBOEK

woes@mweb.co.za
023 342 6030

### VAKATURES

### AMPTELIK

## AMPTELIKE PREDIKANTENUUS

**BEROEP** | **Ds Dylan Allen** van NG Gemeente Bothaville is na NG Gemeente Standerton-Suid beroep. **AANVAAR** | **Ds Johan van Staden** het die beroep na NG Gemeente Clocolan aanvaar. **BEVESTIGING** | **Ds Anton Kemp** (emeritus), van die NG Kerk Middelburg, is op Saterdag 7 Februarie 2026 bevestig in die amp as predikant vir 'n termyn van twee jaar by die NG Gemeente Villiers. Ds Johann Kemp, konsulent van Cornelia, het hom bevestig. Kemp het sy emeritaat op 1 Mei 2025 ontvang.




HULPBRON OPGEDATEER: SÓ WERK AMPTELIKE NUUS OOR PREDIKANTE WAT SKUIWE

Deur Kerkbode / 3 Julie 2025 / Amptelik

## ANDER SINODALESTREKE SE NUUS

# ’N LAASTE GEDAGTE



**Foto:** *Ds Jan Venter (verskaf)*

ALGEMEEN
Leraar van LIG-gemeente
*Ds Jan Venter*

# "Toe Dawid die Here raadpleeg ..."

Ons lees in 2 Samuel 5:23 (AFR20): Toe Dawid die Here raadpleeg, het Hy gesê: “Moenie van voor teen hulle optrek nie; trek agter hulle om en val hulle aan voor die balsempopuliere.”

Nou wat is so spesiaal aan hierdie woorde? Kan dit rigtinggewend wees in my wandel met God? Absoluut, want God se Woord is ryk. Kyk die konteks. Dawid het so pas teen die Filistyne geveg. En gewen.

Maar hulle kom vir rondte nommer twee.

Dis opmerklik dat Dawid nie meen: ek sal hulle maar net weer pak slae gee nie. Hy neem dit nie as vanselfsprekend aan nie. Hy vertrou nie sy vroeëre sukses en strategie tot sukses nie. Hy steun nie op die verlede en sy ervaring nie. Hy raadpleeg eers gou weer die Here. Want Hy weet waar sy sukses lê.

Sy hulp kom van die Here wat hemel en aarde gemaak het – die ou Joodse *credo*.

Gelukkig ook dát Dawid die Here raadpleeg. Want waar die Here die oorwinning die eerste rondte met ’n direkte aanval van vóór op hulle vyande gegee het, wil die Here hê hulle moet die vyand nou omsingel en van agter aanval.

Kan ek jou vra: het jy die Here geraadpleeg voordat jy vanoggend jou huis se deur agter jou toegetrek het? Het jy gevra: "Here, wat wil U hê moet ek vandag doen ...? Heilige Gees, ek het hierdie situasie, sal U my help en lei?"

Dit sal wys wees om Dawid se Godsbewussyn te hê en deurgaans te vra: “Here, wat wil U ...?”

**Lees** meer »



# KONTAK ONS

REDAKSIE

**SAMESTELLERS**

Celicia McLean (Redakteur), **cmclean@ngkvs.co.za**
Juan du Toit, **skakel@ngkvs.co.za**

**LUISTER-ARTIKELS**

Mariëtte Odendaal, Mediadiensverskaffer
Revoicer (TTS)

**PROEFLESERS**

Lisma Liebenberg
Cecilia Steynberg
Magdaleen du Toit

## NUUSGEBEURE INLIGTING BYDRAES

**voor 12:00 Dinsdae**
na cmclean@ngkvs.co.za

NG Kerk Vrystaat

Teken in op **VRYPOS**
Kanselleer **VRYPOS**

**NG KERK VRYSTAAT**
Departement Kommunikasie en Bemarking
**051 406 6700 (k)** | **072 151 9799 (s)**
**skakel@ngkvs.co.za**

ngkerkvrystaat.co.za

Van Heerdenweg 20, Wilgehof, Bfn 9301
Posbus 11412, Universitas 9321

© 2026 NG Kerk Vrystaat | **VRYWARING**



**NG KERK VRYSTAAT | © 2026**

Departement
*KOMMUNIKASIE EN BEMARKING*